

Skriflesing: Psalm 89Heidelbergse Kategismus: **Sondag 22****Sing- Ps. 116:1,2; Ps. 33:10,11; Ps. 138:4**

Broeder en suster- Ons doopsformulier sê dat hierdie lewe waarin ons nou is, niks anders as 'n voortdurende sterwe is nie. Aan die ander kant het ons die troos om wel eendag hierdie lewe getroos te mag verlaat, om sonder vrees of verskrikking voor die regterstoel van Christus te mag verskyn. In Sondag 22 word ons van 'n siele maerte gered.

Psalm 106:15 staan dat in mense, *in hulle siel (is) 'n maerte gestuur.....*Net soos wat 'n mens se liggaam maer kan word, so kan ek ook 'n siele maerte kry – 'n siele maerte, óók as ek oor die dood moet begin dink. Die dood wat vir my voorlê en vir u elkeen lê daardie dood voor – Elke mens staar die dood in die gesig.

Psalm 89:49 – *Watter mens leef daar wat die dood nie sal sien nie, wat sy siel sal kan red uit die mag van die doderyk.* En dan die beryming hiervan, *Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie? Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie....*Daar sal maar net enkeles wees wat by die wederkoms van Christus nog in die lewe sal wees, maar moet ons hieroor nou 'n siele maerte kry. Néé, broeder en suster!

Dit is wat Sondag 22 van ons belydenis graag van ons wil weghou. Wanneer ons oor die dood ons belydenis tot God uitspreek, dan hoef daar geen sielemaerte in ons te wees nie. Ons belydenis bewaar ons van maerte, want hoor hoe mooi word daar van die siel gepraat, terwyl daar na die opstanding van die liggaam navraag gedoen word. – **Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof opgeneem sal word.....**Alles behalwe 'n siele maerte, maar ons belydenis maak van die dood, 'n siels- vervulling! Dadelik gaan my siel na Christus toe!

Wel, daar kom 'n breuk tussen liggaam en siel. Die dood skei ons stoflike liggaam van ons siel. Die dood breek ons in twee – liggaam en siel en net die liggaam word begrawe. Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer, word vir die liggaam gesê, maar die siel keer na God terug. Die God wat my my siel gegee het (Pred.12:7). Maar ook die liggaam eindig nie in die stof waarheen dit terugkeer het nie, al moes die liggaam soos 'n saadkorrel die grond ingaan (1 Kor.15:42) Watter ontsaglike troos om dit te weet en dit te glo! Watter siels- vervulling is dit nou alreeds, geen siele maerte nie, maar dat ook my liggaam vervul gaan word- **Dat hierdie**

selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word....

Miskien dink u, ons praat darem nou al te maklik oor die dood. Die dood bly vir my 'n verskrikking. U het reg, broeder en suster, in 'n sekere sin moet die dood vir ons 'n verskrikking wees, want sonde is verskriklik en die oorsprong van ons dood is ons sonde. Adam en Eva se sonde, is u en my sonde wat nou nog die dood saamdra. Die dood is verkleef aan die feit dat ons as mense sondige mense is en dat ons elke dag nog sondig; ons maak ons skuld elke dag nog meer. Elke dag is ons dan nog besig om eintlik die dood oor ons te bring en ons doen dit willens en wetens.

Ons vrees vir die dood is te verstane. God wil hê ons moet dit ook so verstaan, maar God is deur sy Heilige Gees die Trooster wat in hierdie sterflike liggaam as tempel van God wil inwoon en wat ons verseker dat – *as dié Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.....* Hierdie versekering uit Romeine 8 :11 is waarlik trooswoorde, waaruit ons belydenis ook troos haal.

Ons belydenis troos nie net nie, maar kom na ons met die krag van Jesus Christus. Dieselfde krag waarmee Paulus oor sy eie dood kon praat. En Paulus praat met krag oor sy dood, want hy sê dat die dood is alreeds doodgemaak. Die dood is doodgemaak, toe Christus gesterf het. Die dood het saam met Christus aan die kruis gesterf, soos wat Paulus en u en ek, ook saam met Christus aan die kruis gesterf het, want my en u dood is ook op Golgota doodgemaak. Galasiërs 2:20 – *Ek is met Christus gekruisig...* Dit het gebeur – VERLEDE TYD. Christus se dood, Christus se kruis, het ook u en my dood gekruisig.

Dit wat Christus VIR MY gedoen het, dit doen ook iets IN MY, dit maak dat die dood IN MY nie meer waarlik die dood is nie. Die dood het nie meer die krag wat dit gehad het nie, want die gekruisigde, gestorwe en begrawe Christus het die dood sy graf ingedra, maar God het deur Christus die lewe uit daardie graf laat uitkom. Christus het uitgekom, Hy lewe en nou sê Paulus in dieselfde Galasiërs 2 rondom vers 20 - *.....ek leef nie meer nie, Maar Christus leef in my.*

Pretoria- 13 Jan 2013

Die dood is nie meer dood nie. Die dood kan nie meer doodmaak nie, sy angel is uitgetrek en daarom kan Paulus as't ware die dood uitdaag – *Dood waar is jou angel? Doderyk waar is jou oorwinning?* (1 Korintiërs 15:55). Toe Hosea in hoofstuk 13:14 dieselfde vraag gevra het – *Dood waar is jou pestilensies...Doderyk waar is jou verderf.....* toe was dit alles nog toekomstige dinge wat moes gebeur.....Christus moes nog kom. Alles staan nog in die verre toekoms – God belowe.....*uit die mag van die doderyk SAL Ek hulle loskoop? Ek SAL hulle verlos van die dood.* Nou is die toekomstige in Christus vervul, dit is deel van die verlede tyd, maar die verlede van wat Christus op Golgota alles gedoen het, is vervat in die hede, dit is in u en my dood vervat. Die dood wat agter my lê en my nie meer kan voorlê nie.

Dit is alles vervat in ons belydenis, wat ook sien dat nie net Christus se krag weer die dooie stof van liggame lewendig gaan maak nie, maar die liggaam gaan weer by sy siel uitkom. Die lewe gaan as't ware die lewe tegemoet, die lewende siel word dan met die lewende liggaam herenig. Dit is dan meer as net 'n herenigde liggaam. Dit is 'n heerlike liggaam GELYK AAN die liggaam van Jesus Christus. Die liggaam wat Jesus nou het. In sy vorm en in sy heerlijkheid!

Sien u wel vir Christus raak, dan is u dood reeds dood, reeds vasgenaël aan die kruis, dit is dan verlede tyd, agter u wat nou in hierdie kerk sit. U het dan alreeds klaar gesterwe, u wat dink u moet nog doodgaan. U het doodgegaan, u lewe alreeds die ewige lewe, 'n lewe VIR Christus, IN Christus, 'n lewe wat ons belydend laat vra – **Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?**

Al is my liggaam maar nog hierdie liggaam wat op sy graf wag, is daar alreeds 'n ewige lewe vir my aan die gang. Ja, as verbond kinders beleef ons nou-al iets van die ewige lewe....daar is nou-al iets van die ewige vreugde wat in my hart ervaar kan word. Hoe weet ek dit, hoe kan ek dit dan ervaar? Hierdie wete, hierdie ervaring kom enkel en alleen net deur die geloof. Die geloof wat van God afkom en waarvoor geen mens hard kan werk nie. Geloof wat 'n mens nie kan verdien nie, maar geloof is 'n gawe....'n gawe van God. Dit is waarom dit vir Paulus dan ook belangrik is om in Galasiërs 2 te sê, dat – *dit wat hy nou in die vlees lewe, leef hy deur die geloof.*

Ons het so pas bely dat ons met die wederkoms en opstanding 'n liggaam sal ontvang wat gelykvormig sal wees aan die heerlike liggaam van Christus. Hierdie feit is soos die geloof

ook net 'n gawe, wat genade op genade is wat aan die werk gestel sal word. U liggaam sal uiterlik verander om soos Christus se liggaam te wees. Maar weet u, broeder en suster, vraag 58 gaan eintlik oor die innerlike verandering, terwyl vraag 57 die klem op die uiterlike gelê het.

Wat gebeur met die innerlike, ek wat nou nog lewe, maar ek weet verseker daar wag 'n ewige lewe op my? My dood is vir my die deurgang tot die ewige lewe. Innerlik kan dit mos dan nie anders nie, broeder en suster, dat daar nou alreeds vreugde in u sal kom. As ek nou moet sterwe, dan sterwe ek eintlik om te lewe. Die dood wat 'n vyand in Christus was is nou 'n vriend wat die pad na die ewige lewe oopmaak. Die dood is die begin van alles vir my, wat hierdie lewe waarin ek nou is vir my nie kan bied nie, al is hierdie lewe IN CHRISTUS nou ook al wonderlik.

Hoekom is die lewe nou-al wonderlik? Geliefdes, omdat Pinkster alreeds plaasgevind het. Die Heilige Gees is uitgestort en die Heilige Gees wat lewe gee, maak lewens vol. Wat is meer wonderlik as dit? Hoe wonderlik om nou-alreeds deur die Heilige Gees die karaktertrekke van Jesus Christus te ontvang, al sal ek eers later 'n liggaam ontvang soos Jesus se liggaam. Maar Jesus se karakter kan nou alreeds my karaktertrekke wees. Dinge soos liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Dit is die karaktertrekke van Jesus wat Hy deur sy Heilige Gees op u en my wil oorplaas. U word deur die Heilige Gees so geteken, as't ware daarmee verseël dat u 'n kind van God is. Paulus sê in Galasiërs 6 dat hy die littekens van Jesus aan sy liggaam dra. Littekens kom van die Griekse woord *stigmata*, waar ons woord stigma vandaan kom.

Ons sal ook kan sê, dat die stigma van Jesus Christus aan ons kom sit. En die een aan wie die stigma van Jesus kleef, besit die saligheid, die hoogste vorm van geluk. En na hierdie lewe is die geluk net nog meer. Die persoonlike sigbare diep merk of seël of stigma wat Jesus deur sy Heilige Gees op u en my innerlike afgestempel het, word dan in die hemel oopgemaak, tot my saligheid. Daarvoor het ons nie oë nie, nie ore nie, nie woorde nie. Om met die stigma van Jesus te sterwe, broeder en suster, dit is wonderlik. Meer kan ons nie sê nie, selfs ons belydenis het vir hierdie wonder na u en my dood nie genoeg woorde nie.

AMEN